



## Tema: Vrede vanuit die wildernis (Advent II)

### Teks: Lukas 1:67-80 & Lukas 3:1-6

Advent is 'n goeie tyd om te onthou dat die Bybel wat ons lees en bewonder 'n wildernisteks is; 'n teks gebore uit trauma en verlies. Die antieke skrywers – en by verre die meeste karakters en hoofspelers – was nie geskiedenis se groot wenners nie. Hulle is vervolgt en ontwortel. Weggevoer as slawe. Desperaat. Hul het geleef in tyd van hongersnood, geweld en natuurrampe.

Advent is ook nie 'n maklike seisoen in die kerk nie. Ons wil dit graag vereenvoudig tot 'n lekker voorbereiding vir Kersfees en aan mooi dinge dink voor ons op vakansie gaan. Intendeel, Advent is 'n seisoen gelaai met politieke ondertone, wildernisverhale, profesieë, en rebellie. Die lig van die wêreld is aan die kom en die donker hou nie van die lig nie!

Die storie van Jesus se geboorte is een van radikale vrede in 'n baie onstuimige wêreld; 'n nuwe Koning wat die donker ryk uitdaag. Ek dink ons kan almal assosieer met die onstuimigheid en trauma in ons land en die res van die wêreld. Dit is binne hierdie onstuimigheid wat Jesus kom as Vredevoers.

Ons is welbekend met die Hebreeuse woord vir vrede: shalom. Shalom beteken heelheid, ongebroke, en om herstel te wees. Tog plaas die Nuwe Testament 'n nuwe deel by die idee van shalom. In Sondag se teks hoor ons dat Sagaria (Johannes die Doper se pa) in 'n

loflied dit uitbasuin dat vrede nie net iets is wat jy ontvang nie, dit is ook iets wat jy maak en bring daar waar jou voete jou heen lei (Lukas 1:79). Ons is fakkeldraers, verspieters en verkenners van vrede. En Sagaria kom profeteer dat sy kind, Johannes, die een is wat Jesus se vredespad gaan gereed maak. Maar Johannes bou hierdie pad nie in die belangrike plekke van die wêreld nie.

Waar begin God se padbouer? In die woestyn. Hoekom nou praat in Advent oor die wildernis en dorre plekke? As jy enige ervaring het as eiendomsagent is die mantra: *Location location location!* Die plek waar ons staan en staar; die plek vanwaar ons praat, maak saak. Daarom begin hy in die wildernis.

In Lukas 1 en 2 (inleiding van Lukas) lees ons beide Johannes en Jesus se geboorteverhale. Johannes se ouers is al oud en onvrugbaar (laat mens dink aan die storie van Abraham en Sara). Sy ouers is 'n Priester-egpaar Elisabet en Sagaria. En dan het jy ook 'n ongetroude jong egpaar Josef en Maria. Hul albei ontvang die onwaarskynlike hemelse belofte dat hul 'n seun gaan kry. Beide die beloftes word vervul. Eers word Johannes en daarna Jesus gebore. Beide ouerpare sing gedigte/psalms van feesviering. Hierdie gedigte is gevul met beloftes vanuit die Ou Testament wat wys dat God getrou is en sy beloftes nakom.

Maar hierdie gedigte praat ook oor dit wat voorlê. Dit vertel die verhaal van die rol wat elkeen van hierdie kinders gaan speel in koms van God se Koninkryk: **Johannes**: die profetiese boodskapper en padbouer wat Israel gaan voorberei vir hul ontmoeting met Jesus. En **Jesus** is die Messiaanse Koning uit die geslag van Dawid; die Een wat God se vrede en seën gaan bring vir alle nasies (net soos God dit beloop het aan Abraham).

Johannes doen presies wat sy pa Sagaria gesê het hy gaan doen: "Om kennis van verlossing aan sy volk mee te deel: deur die vergifnis van hulle sonde, danksy die genadige ontferming van ons God." Sagaria sê dat Jesus gaan kom en Hy gaan vir ons die vergifnis van ons sondes bring wat vir ons die pad na **vrede** toe gaan aandui en gaan gee. Hy koppel die vergifnis van sonde direk aan vrede, en wat Hy daardeur sê vir ons is dat hierdie vrede waarvan hy praat is 'n vrede tussen ons en God. Dis die groot, absolute, volledige, onveranderlike vrede wat daar is, wat Jesus vir jou bring, en wat God vir ons kom gee. Alle ander vredes is relatief. Dis 'n verhouding, dis 'n aanvaarding, dis 'n harmonie (shalom) tussen jou en God wat bewerkstellig word.

Die probleem is dat baie van ons dink nie dat dít die primêre behoefte van ons harte is nie. Maar jou primêre worsteling volgens die Bybel is vervreemding, vyandskap tussen jou en God. Jesus kom en Hy word daardie brug. Hy neem die vyandskap weg, sodat daar vrede kan wees tussen jou en tussen God.

En dit is die boodskap wat Jesus se padbouer, Johannes, in die wildernis begin preek: die pad na vrede is deur bekering en vergifnis van ons sonde. In res van die evangelie lees ons dat skares mense na Johannes gegaan het. Mense het in duisende na hom gestroom! *"When you repent you turn around, change directions, choose a different path, and make a radical rupture. Repentance signals an abrupt end to life on auto pilot or business as usual."*(Ron Hansen)

Ja ek weet, **sonde** en **bekering** is gelaaide woorde. Ek weet ons is versigtig daarvoor - met goeie rede! Baie van ons hou glad nie van die woorde nie omdat dit verskillende goed in verskillende kringe beteken – en onnodig baie pyn en verwyte en vrees opjaag - wat genade heeltemal buite bereik laat voel. Sonde en bekering is ongelukkig woorde wat baie *nou* paaie gebou het.

Maar hoor my ook reg – Advent begin met 'n eerlike, wildernis-styl onverdunde afrekening met sonde! Die enigste pad na die krip is deur die kindjie Johannes. En vir Johannes gaan alles oor bekering. Miskien as ons verby ons bagasie kan kom en Johannes volg na die woestyn, sal ons troos vind in die feit dat ons nie langer hoef voor te gee dat ons perfek is of al die antwoorde het nie. En dat dit wat op die spel is baie meer is as net 'n paar foutjies wat ek maak... Ons lewensvrede is op die spel!

Want...wat is sonde? Dis meer as om net God se wette te breek en uitgevang te word, of om die merk te mis, of immorele dade te pleeg. Hierdie definisies is nie verkeerd nie, maar dit sê dat die primêre probleem van sonde is dat dit God kwaad maak en God op my gevoelens speel. Maar dis nie God se humeur wat op die spel is nie. Sonde is 'n probleem want dit maak dood; dit beroof ons van vrede! Want sonde is om te wyer om volledig mens te word. Dis enigiets en alles wat inmeng daarby om my hele lewe, my volle menswees, oop te maak teenoor God, teenoor ander, teenoor God se skepping. sonde is vervreemding, *disconnection*, apatie, disharmonie. Dis stof wat stadig ophoop en jou siel versmoor. Dis die dryfsand wat jou spoed breek en aanhoudend sê:. Genade is nie vir jou bedoel nie.

Bekering is om die waarheid te erken dat ons worstel en val en 'n totale gemors maak. En – die belangrikste van alles: *"...repentance is to fall with wild abandon and relief into the **forgiving** arms of a **God** who **loves** us as we*

*are, not how we are supposed to be, because none of us are as we are supposed to be.”* Dit is om te kan leef en sing soos Sagaria: “danksy die genadige ontferming van GOD is ek wie ek is...”

Laastens is die wildernis ook ‘n plek waar ons die hele landskap in sy geheel kan sien. En kan deelneem aan **God se gelykmakende werk**. Soos Lukas vir Jesaja aanhaal: “elke vallei sal gevul word, en elke berg en heuwel sal laag gemaak word, en die rowwe paaie sal glad en gelyk word...” Die pad na vrede is deur bekering, en dit maak van dat ons vrede nie net as geskenk ontvang nie, maar dat ons dit ook kan aangee God se gelykmakers, vrymakers, en vrede-skenkers. Ons word nie net gered *van* iets nie, maar *vir* iets: om soos Johannes rigtingwysers te wees na die pad van vrede.

Dit is net in die wildernis waar ons bewus word van ons voorregte, bewus hoe moeilik dit is om ander daarin te laat deel. Niemand wat staan op ‘n bergtop wil dit plat maak nie! Maar wanneer ons in die wildernis wandel, met die bar landskap voor ons uitgestrek in elke rigting, dan is dit vir ons moontlik om te sien wat bevoorregte posisies so maklik wegsteek. Skielik, dan, voel ons die growwe plekke onder ons voete. Ons sien hoe dit is om langs moeilike paaie te stap. Ons sien arrogansie in die berge en wanhoop onder in die vallei, en ons begin droom God se droom van ‘n totale nuwe landskap. ‘n Landskap so glad en plat, dat dit moontlik is vir alle mense om te sien hoe lyk God se redding. Dan raak die Koninkryk (en hemel op aarde) sigbaar.

Mag die woord na ons toe kom soos dit na Sagaria en Johannes gekom het. Mag ons brawe stemme in harde plekke wees. Mag ons voetstappe die pad ware diep vrede aandui. Mag ons Jesus se pad van **vrede** Jesus help voorberei.

## **Vir Kleingroepe:**

### **Ontmoet mekaar**

Deel met mekaar die mooi en moeilike oomblikke van die week.

### **Ontmoet God**

Laat een persoon ‘n kers aansteek en probeer fokus hoekom julle as groep bymekaar is. Laat iemand ‘n gebed doen.

### **Deel met mekaar**

Laat iemand die teks lees uit Lukas.

- Gee geleentheid dat elkeen deel wat hulle in die gedeelte hoor en wat vir hulle uitstaan?
- Wat sal sondebelydenis vir jou beteken – hier en nou? Wat steel lewe en vrede in jou lewe?
- Waar is jy hierdie advent seisoen? Location, location, location...? Hoe naby is jy aan mag, en hoe oop is jy om die wildernis in te stap om God se Woord te hoor?
- Hoe is God besig om ‘n boodskapper te wees van die vrede van God; om die grond waarop jy staan gelyk te maak? En wat sal dit vir jou beteken om deel te neem aan hierdie ongemaklike maar krities belangrike werk van die koninkryk?

### **Sluit saam af met gebed.**

*Here, maak my ‘n instrument van u vrede. Waar daar haat is, laat my liefde saai. Waar daar onreg is, vergifnis. Waar daar twyfel is, geloof. Waar daar wanhoop is, hoop. Waar daar duisternis is, lig. Waar daar hartseer is, vreugde. O goddelike Meester, gee dat ek nie soseer sal soek om getroos te word nie, as om te troos; om verstaan te word nie as om te verstaan; om liefgehê te word nie as om lief te hê. Want dit is deur te gee dat ons ontvang; dit is deur te vergewe dat ons vergewe word; dit is deur te sterf dat ons die ewige lewe ontvang.*